# LAERSKOOL SKUILKRANS

Skuilkrans Jouself

GLO EN STREEF

# BEHEERLIGGAAM

21 Oktober 2025

**Tydens die Algemene Jaarvergadering van 21 Oktober is die volgende gelde vir 2026 goedgekeur**.

## SKOOLGELDE VIR 2026

| LAERSKOOL SKUILKRANS : VOORGESTELDE GELDE VIR 2026 | | | | |
|---|---|---|---|---|
| BESKRYWING | | GELDE VIR 2026 R | KORTING VIR EENMALIGE BETALING 12.5% VOOR 31/12/2026 R | KORTING VIR EENMALIGE 7.5% VOOR 28/02/2026 R |
| **SKOOL** | | | | |
| -> | Skoolgelde : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 1 650.00 | | |
| | Skoolgelde : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 2 775.00 | | |
| | **Totaal** | **32 175.00** | **28 155.00** | **29 760.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R245.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **9.68%** | | |
| **VKO SENTRUM** | | | | |
| -> | Graad R-skoolgelde : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 1 650.00 | | |
| | Graad R-skoolgelde : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 2 905.00 | | |
| | **Totaal** | **33 605.00** | **29 405.00** | **31 085.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R245.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **9.21%** | | |
| -> | Graad RR en RRR-skoolgelde : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 1 650.00 | | |
| | Graad RR en RRR-skoolgelde : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 3 015.00 | | |
| | **Totaal** | **34 815.00** | **30 465.00** | **32 205.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R255.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **9.24%** | | |
| -> | Graad RRRR-skoolgelde : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 1 650.00 | | |
| | Graad RRRR-skoolgelde : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 3 805.00 | | |
| | **Totaal** | **43 505.00** | **38 065.00** | **40 240.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R305.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **8.71%** | | |
| **NASKOOL** | | | | |
| -> | Graad R tot Graad RRR : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 650.00 | | |
| | Graad R tot Graad RRR : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 1 420.00 | | |
| | **Totaal** | **16 270.00** | **14 235.00** | **15 050.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R120.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **9.23%** | | |
| -> | Graad RRRR : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 650.00 | | |
| | Graad RRRR : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 1 100.00 | | |
| | **Totaal** | **12 750.00** | **11 155.00** | **11 795.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R100.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **10.00%** | | |
| -> | Skool : Bevestigingsfooi (Eenmalig in Januarie) | 650.00 | | |
| | Skool : Maandeliks (1 Januarie tot 1 November) | 1 795.00 | | |
| | **Totaal** | **20 395.00** | **17 845.00** | **18 865.00** |
| | **Verhoging per maand : R-waarde** | **R145.00** | | |
| | **Verhoging per maand : %-waarde** | **8.79%** | | |
| | **Dagbesoekers : Skoolvakansie-dae (Naskool leerders)** | 75.00 | | |
| | **Dagbesoekers : Skoolvakansie-dae (Nie-naskool leerders)** | 215.00 | | |

# BELEID T.O.V ONDERRIGGELDE 2026

## (LAERSKOOL, VKO EN NASKOOLSENTRUMS)

1. Alle maandelikse gelde t.o.v. Skool, VKO, en Naskoolsentrum vir 2026 moet betaal word binne die eerste week nadat die skole in Januarie 2026 geopen het. Dit geld ook vir die aanvangspaaiement indien u dit nie die vorige jaar betaal het nie. Alle maandelikse gelde vir Februarie en die res van die jaar, moet dan voor of op die 7de van elke maand betaal word.

2. Kontak asseblief vir Mev Rina Koen vir enige betaalreëlings of vir `n afspraak (epos: invorder@skuilkrans.com).

3. Ouers sal maandeliks `n rekening ontvang. Onus is op u om seker te maak dat alle kontakbesonderhede deurlopend korrek is.

4. Indien geen betaling teen 31 Januarie gemaak is nie of indien `n spesifieke maandelikse paaiement daarna meer as 30 dae agterstallig is, sal die volgende stappe geneem word om agterstallige gelde in te vorder.

4.1 `n Aanmaning deur die Beheerliggaam dat die gelde agterstallig is. Aanmaning sal insluit `n skrywe, epos, sms en of `n telefoonoproep. Indien betaling nie binne 7 dae geskied nie, sal begin word met regstappe om agterstallige gelde in te vorder.

4.2 Indien die ouer na verstryking van 90 dae nog geen betaling of reëlings getref het nie, sal die saak aan die prokureurs of invorderaars oorhandig word met opdrag om die nodige dagvaardiging uit te reik, met kostes en rente, wat uiteindelik kan lei tot vonnis by verstek en `n lasbrief vir Eksekusie.

4.3 Indien daar agterstallige gelde verskuldig is, sal alle aanvangspaaiemente wat ontvang word eerste geallokeer word om die agterstallige skulde te delg.

4.4 Bogenoemde geld ook vir die VKO en Naskoolsentrums. Indien betaling by die skool of enige sentrums meer as `n maand agterstallig is, sal die kinders nie toegelaat word om enige sentrum by te woon nie.

4.5 Bogenoemde invorderingsproses is van toepassing op alle ouers.

5. Aansoek om kwytskelding van skoolgeld moet skriftelik wees vir elke jaar (hierdie is nie van toepassing op onderriggeld vir die VKO en Naskoolsentrums nie.) Aansoek om kwytskelding moet dus elke jaar hernu word voor die einde van Maart en by die Beheerliggaam ingedien word. Geen kwytskelding word op aanvangspaaiemente toegestaan nie. Indien u agterstallig raak met u betaling nadat kwytskelding op skoolgeld toegestaan is, sal stappe soos by punt 4 genoem, geneem word. Die riglyne soos voorgeskryf deur wetgewing word gevolg (Suid – Afrikaanse Skole Wet 84 van 1996). Neem asseblief kennis dat alle kwytskeldings deur die Beheerliggaam toegestaan word en nie deur die owerhede nie. Kontak vir Mev Rina Koen om `n afspraak te maak indien u vir kwytskelding wil aansoek doen. Sy kan geskakel word by 012 8037103 of invorder@skuilkrans.com.

6. Alle betalings kan by die finansiële kantoor gedoen word, per debietorder verhaal word (vorm sal deurlopend vir volgende jare gebruik word tensy u ons anders versoek) of deur u self d.m.v die cashless stelsel, bank of elektronies. In laasgenoemde twee gevalle rus die onus op u om te verseker dat die inbetalings met u rekening geassossieer word deur die familiekode en rekenpligtige se van as verwysing te gebruik.

Me Helena Strijdom
Beheerliggaam Voorsitter

Mev. Maranda Fourie
Waarnemende Hoof